| Plak asseblief die strepieskode-etiket hier |
|---|

**PUNTE-TOTAAL**

INTERNASIONALE SEKONDÊRE SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2023

# LANDBOUBESTUURSPRAKTYKE

**EKSAMENNOMMER**

| | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | | | |

Tyd: 3 uur

200 punte

**LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR**

1. Hierdie vraestel bestaan uit 36 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
2. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings.
3. **Beantwoord AL die vrae op die vraestel en handig dit aan die einde van die eksamen in. Onthou om jou eksamennommer in die ruimte wat hierbo verskaf is, te skryf.**
4. Lees al die vrae noukeurig deur en maak seker dat jy net beantwoord wat gevra word.
5. Nie-programmeerbare sakrekenaars mag gebruik word.
6. ALLE berekeninge moet tot TWEE desimale plekke afgerond word, tensy anders vermeld.
7. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf en jou werk netjies aan te bied.
8. VIER gelinieerde bladsye (bladsy 33 tot 36) is aan die einde van die vraestel ingesluit. Indien jy nie genoeg plek vir 'n antwoord het nie, gebruik hierdie bladsye. Dui die nommer van jou antwoord duidelik aan indien jy hierdie ekstra ruimte gebruik.

**PUNTETOEKENNING**

| VRAAG 1 | VRAAG 2 | VRAAG 3 | VRAAG 4 | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|
| | | | | |

IEB Copyright © 2023

## AFDELING A

## VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die korrekte antwoord en **skryf die letter (A–D)** wat met jou antwoord ooreenstem, in die ruimte wat aan die einde van die vraag **op bladsy 3** verskaf is.

1.1.1 Kennis wat oor 'n lang tyd deur verskeie geslagte van 'n gemeenskap ingesamel is waarvan die klem op die kulturele en ekologiese volhoubaarheid val:

A Wetenskaplike kennis
B Teoretiese kennis
C Praktiese kennis
D Inheemse kennis

1.1.2 'n Bestuurstaak wat samewerking tussen groepe en individue moontlik maak en duplisering van take voorkom:

A Koördinering
B Motivering
C Hulpbronbenutting
D Betaling van salaris

1.1.3 'n Lys van al die grootboekrekeninge soos vervat in 'n Grootboek van 'n onderneming:

A Kleinkas
B Balansstaat
C Proefbalans
D Nie een van die bogenoemde nie

1.1.4 Goedere (produkte) wat verkoop word om aan behoeftes van mense te voldoen:

A Kommoditeite
B Lewende hawe
C Ekonomiese eenhede
D Vaste bates

1.1.5 Die veldtipe wat die hoogste dravermoë van alle veldtipes het:

A Savanna
B Grasveld
C Vallei-bosveld
D Woude

IEB Copyright © 2023

1.1.6 Die belangrikste stappe in weiveldbeplanning is om ... te bepaal.

A veldtoestand, veldtipes, grondtoestand en grondhelling
B veldsamestelling en veldoppervlak
C reënval en temperature
D kuddegrootte en beskikbaarheid van kapitaal

1.1.7 Geboue, damme en grond wat die eiendom van 'n boer (persoon) of 'n onderneming is.

A Langtermynlaste
B Vaste bates
C Bedryfsbates
D Beleggingsbates

1.1.8 Watter een is NIE deel van die SWOT-ontleding nie?

A Bedreigings
B Sterkpunte
C Geleenthede
D Opposisies

1.1.9 'n Dokument wat opgestel word om moontlike kostes van bemarking te bepaal.

A Bemarkingsplan
B Bemarkingsrekords
C Bemarkingsbegroting
D Bemarkingsvisie

1.1.10 'n Dokument wat 'n opsomming is van 'n maand se uitgawes en inkomste asook die totale in vergelyking met die begrote syfers.

A Balansstaat
B Proefbalans
C Kontantvloeistaat
D Finansiële state

| 1.1.1 | 1.1.2 | 1.1.3 | 1.1.4 | 1.1.5 | 1.1.6 | 1.1.7 | 1.1.8 | 1.1.9 | 1.1.10 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | |

(20)

IEB Copyright © 2023

1.2 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by die term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–N) van jou keuse in die ruimte wat onderaan die bladsy verskaf is. Elke beskrywing in KOLOM B mag slegs EEN keer gebruik word.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.2.1 | Deursettingsvermoë | A | Kenmerke van 'n gebied soos die berge, heuwels en kontoere |
| 1.2.2 | Standaardisering | B | Die eienskap van grond wat die bewerkingsvermoë en degradasie bepaal |
| 1.2.3 | Spesialisasie | C | Dit is 'n manier om kwalitatiewe data visueel voor te stel |
| 1.2.4 | Homogene land | D | Boerdery produseer net genoeg vir huislike gebruik met geen surplus om te verkoop nie |
| 1.2.5 | Topografie | E | Die sortering van produkte met dieselfde grootte en kleur |
| 1.2.6 | Wisselbou | F | 'n Grafiese voorstelling van 'n onderneming se struktuur |
| 1.2.7 | Omset | G | Opeenvolgende verbouing van verskillende gewasse op dieselfde stuk grond |
| 1.2.8 | Semi-intensiewe boerdery | H | Die totaal van al die handelskwitansies vir 'n gegewe tyd |
| 1.2.9 | Organogram | I | Eienskap wat die entrepreneur aanspoor om aan te hou tot die werk afgehandel is |
| 1.2.10 | Helling | J | Grootskaalse aanplantings |
| | | K | Verseker dat die gehalte van produkte wêreldwyd dieselfde is |
| | | L | 'n Boerdery waar lewende hawe soms gevoer word omdat grond en weiding beperkende faktore is |
| | | M | Wanneer 'n produsent op net een kommoditeit fokus |
| | | N | 'n Area wat net een tipe grond het |

| 1.2.1 | 1.2.2 | 1.2.3 | 1.2.4 | 1.2.5 | 1.2.6 | 1.2.7 | 1.2.8 | 1.2.9 | 1.2.10 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | |

(10)

IEB Copyright © 2023

1.3 Gee die korrekte landboukundige term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die korrekte term neer, **byvoorbeeld Bemarking**.

1.3.1 Bestuursvaardigheid (taak) wat die boer die kans gee om sy/haar werklading meer hanteerbaar te maak, en dit kan 'n waardevolle opleidingsgeleentheid vir werknemers wees.

______________________________ (1)

1.3.2 Die tipe beweiding waar vee slegs sekere plante eet.

______________________________ (1)

1.3.3 Die geldwaarde van 'n boerdery-onderneming gedurende 'n rekenkundige tydperk.

______________________________ (1)

1.3.4 Die deponering van geld in 'n bankrekening deur middel van internetbankdienste.

______________________________ (1)

1.3.5 Afname in die geldelike waarde van roerende bates mettertyd.

______________________________ (1)

1.3.6 Die tipe kompetisie met 'n onderneming wat dieselfde produk as jy lewer om die behoeftes van kliënte te bevredig.

______________________________ (1)

1.3.7 Die aksie om die toediening van die regte hoeveelheid kunsmis, saad of chemiese stowwe op 'n sekere oppervlakarea te verseker.

______________________________ (1)

1.3.8 Die term om die vloei van produkte vanaf die plaas na die verbruiker te beskryf.

______________________________ (1)

IEB Copyright © 2023 

1.3.9 Die grondeienskap wat die mate beskryf waartoe afsonderlike gronddeeltjies natuurlik in sekondêre klontjies saamkleef om groter saamgestelde eenhede te vorm.

___________________________________________ (1)

1.3.10 Die fisiese, chemiese en biologiese agteruitgang van grond as gevolg van swak boerderypraktyke.

___________________________________________ (1)

1.4 Verander die ONDERSTREEPTE WOORD in ELK van die volgende stellings om hulle WAAR te maak. Skryf slegs die antwoord neer, **byvoorbeeld Ekonomie**.

1.4.1 'n Onderneming kan breedweg gedefinieer word as een waar groot getalle diere op 'n relatief klein stukkie grond gehuisves word.

___________________________________________ (1)

1.4.2 Te veel van 'n produk is wanneer die vraag na 'n produk laer is as die aanbod.

___________________________________________ (1)

1.4.3 Aktiwiteit is wanneer gewasse geplant word sonder enige vooraf bewerking van die grond.

___________________________________________ (1)

1.4.4 Die watervlak van die grond is wanneer die spesifieke grond veldkapasiteit bereik het.

___________________________________________ (1)

1.4.5 Die kenmerk van grond het 'n uitwerking op grondvrugbaarheid en beïnvloed kompaksie en korsvorming van die grond se werkbaarheid.

___________________________________________ (1)

1.4.6 Tydens studies word inligting oor verbruikers se behoeftes en voorkeure ingesamel en verwerk.

___________________________________________ (1)

IEB Copyright © 2023

1.4.7 Die <u>voorkeurdokument</u> wat gebruik word om die winsgewendheid van 'n onderneming aan te dui.

___

(1)

1.4.8 <u>Beheer</u> is die bestuursbeginsel wat 'n boer eerste moet toepas voordat 'n nuwe bedryf begin.

___

(1)

1.4.9 <u>Winkels</u> ontvang produkte vanaf lede en hierdie produkte word dan gegradeer sodat 'n gestandaardiseerde produk verkoop kan word.

___

(1)

1.4.10 'n Landbouproduk word <u>gepreserveer</u> deur hitte, nie hoër as 90 °C nie, vir ongeveer 'n halfuur.

___

(1)

**50 punte**



## AFDELING B

## VRAAG 2 HULPBRONBENUTTING, GRONDGEBRUIK EN BOERDERYSTELSELS

Bestudeer die onderstaande artikel en beantwoord die vrae wat volg.

**'n Oorplaatjie wat met GPS verbind is om vee te monitor bereik die kommersiële mark**

Presisieveeteelt is 'n innoverende benadering tot die teel van vee. Die onlangse ontwikkelings in veeteelt dui op drie verskillende problematiese neigings op 'n globale skaal. Eerstens styg die vraag na veeprodukte byna eksponensieel soos wat die globale bevolking toeneem en veeprodukte al hoe minder bekostigbaar word. Tweedens verminder die aantal veeboere en die hoeveelheid grond wat vir veeteelt beskikbaar is, bly konstant. Derdens is daar al hoe meer kommer oor veeteelt se skadelike bydrae tot ernstige globale kwessies soos aardverhitting, ontbossing en omgewingsagteruitgang oor die algemeen. Om al hierdie probleme aan te pak het presisieveeteelt, wat nog in sy kinderskoene staan, na vore gekom as 'n lewensvatbare en belowende oplossing.

Sonkragaangedrewe GPS-oorplaatjie met sagteware op 'n plaas in Afrika

'n Oorplaatjie in die oor van 'n dier wat aan GPS verbind is en met sonkrag werk kan intyds (*in real time*) individuele diere se ligging naspeur en 'n magdom inligting verskaf vir boere wat vooruit dink. Dit voeg ook nog 'n vlak van produksiedoeltreffendheid oor Afrika heen toe.

Die stelsel sluit die GPS-oorplaatjie self, 'n antenna om die GPS-ligging te ontvang en sagteware wat monitering en ontleding van die ontvangde data moontlik maak in. Met die oorplaatjie in elke dier se oor kan elke dier se ligging intyds gemonitor word. Dit beteken die boer se foon kry 'n kennisgewing as 'n dier te lank stilstaan of deur 'n heining op die bure se eiendom beland.

Nog 'n voordeel is dat die druk op weiding in 'n kamp op 'n kaart voorgestel kan word. "Ons het individuele diere se data gekombineer om beweidingspatrone te skep. Dit word saam met die data van die ontleding van die samestelling van die veld gebruik en sodoende word kampe herontwerp wat oorbeweiding voorkom voordat skade aan die omgewing aangerig word."

[Aangepas vanaf artikel op: <https://www.beefcentral.com/ag-tech/gps-enabled-livestock-monitoring-tags-reach-the-commercial-market/>]

IEB Copyright © 2023

2.1 Formuleer 'n kort verduideliking van presisieboerdery soos toegepas in die bostaande artikel.

(3)

2.2 Verskaf TWEE funksies van die rekenaarsagteware in dié presisieveeboerdery.

(2)

2.3 Identifiseer die tegnologiese hulpmiddels wat in die volgende afdelings van dié beesboerdery gebruik word (uitgeskryf).

2.3.1 Oorplaatjies van beeste om beweging te monitor.

(1)

2.3.2 Kaarte wat weidingspatrone en veldsamestelling aandui.

(1)

2.4 Alhoewel kommersiële beesboerdery 'n klein ekonomiese winsgrens het, word presisiebeesboerdery 'n belangrike deel van die bedryf.

2.4.1 Definieer **winsgrens** in 'n beesboerdery.

(2)

2.4.2 Verskaf EEN ekonomiese voordeel van tegnologie in beesboerdery.

(1)

2.4.3 Onderskei tussen **bruto wins** en **netto wins**.

(4)

2.5 Volgens die data wat ingesamel is blyk dit dat die veld uit twee veldtipes saamgestel is, naamlik soetveld en suurveld.

2.5.1 In watter tipe grond kan die boer verwag om onderskeidelik soetveld- en suurveldgrasse te vind?

Soetveld: ______

Suurveld: ______

(4)

IEB Copyright © 2023

2.5.2 Soetveld en suurveld is beide voedsaam vir beeste. Soetveld is egter smaakliker vir beeste as suurveld. Die boer het besluit om die verskillende tipes veld afsonderlik af te kamp en die suurveldkampe word vir somerweiding gebruik en die soetveldkampe vir winterweiding. Regverdig die boer se besluit.

(7)

2.5.3 Hoe sal jy te werk gaan om oorbeweiding te voorkom en selfs die produktiwiteit van die veld te verhoog?

(3)

IEB Copyright © 2023

2.6 In kommersiële boerdery-ondernemings word rekordhouding gedoen deur 'n rekenaarstelsel met 'n groot databasis en die inligting wat ingesamel word speel 'n belangrike rol in die bestuursbesluite wat 'n boer daagliks neem.

2.6.1 Onderskei tussen kommersiële boerdery en 'n bestaansboerdery.

(2)

2.6.2 Identifiseer TWEE voordele en TWEE nadele van 'n databasis vir 'n kommersiële boerdery-onderneming.

(4)

2.6.3 Watter data kan 'n boer verwag om in die VEEREKORDS te kry?

(4)

IEB Copyright © 2023

2.7 Enige boerdery moet met tye klein betalings vanuit die kleinkas doen.

2.7.1 Watter dokument word uitgereik indien kontantaankope vanuit die kleinkas gedoen moet word?

______________________________________________________________

(1)

2.7.2 Om misbruik van kontant te voorkom, moet die kleinkasfonds aan sekere vereistes voldoen. Verduidelik hoe jy misbruik van dié fonds sal voorkom.

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

(3)

2.7.3 Enige aankoop wat vanuit die kleinkas gemaak word, moet deur 'n brondokument ondersteun word. Identifiseer die brondokument.

______________________________________________________________

(1)

2.8 Rekordhouding in boerdery moet tred hou met die depresiasie (waardevermindering) van bates.

2.8.1 Konstrueer 'n kort verduideliking van **depresiasie** deur te verwys na die faktore wat lei tot die depresiasie van 'n bate.

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

(3)

IEB Copyright © 2023

2.8.2 'n Boerdery-onderneming koop 'n beeswaentjie ter waarde van R140 000 (15% BTW uitgesluit). Die bruikbare leeftyd van die waentjie is 10 jaar. Die waardevermindering van die waentjie is 'n vaste bedrag elke jaar. Bereken die waarde (BTW ingesluit) van die waentjie ná 2 jaar. **Toon berekeninge.**

(4)

**[50]**

IEB Copyright © 2023

## VRAAG 3 VOLHOUBAARHEID, SAKEPLAN, ENTREPRENEURSKAP EN BEMARKING

3.1 Die volgende is voorbeelde van verskillende bemarkingsmetodes. Bestudeer die foto's aandagtig en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TIPE A**




[<https://youimg1.tripcdn.com/target/ww0g1f000001goz452631_C_900_600_Q70.webp?proc=source%2ftrip&proc=source%2ftrip>]

**TIPE B**




[Aangepas: <https://www.vafb.com/Portals/FBA/images/supporting-farmers/logo-graphic.jpg>]

**TIPE C**




[Aangepas: <https://www.marketing91.com/what-is-global-marketing/>]

3.1.1 Identifiseer die bemarkingsmetode in die volgende foto's.

TIPE A: ______________________________

TIPE C: ______________________________

(2)

3.1.2 Tydens die opstel van 'n begroting moet alle moontlike kostes in ag geneem word. Verskaf TWEE moontlike bemarkingskostes wat by TIPE A-bemarking betrokke is.

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

(2)

3.1.3 Beskryf die rol van 'n land se regering in die TIPE B-bemarkingsmetode.

(2)

3.1.4 Verduidelik kortliks die doel van TIPE B-bemarking.

(2)

3.1.5 Streng wetgewing is nodig tydens TIPE C-bemarking. Regverdig die stelling.

(2)


IEB Copyright © 2023

3.1.6 'n Kleinskaalse groenteboer moet besluit of hy die plaashek- of varsproduktemark-bemarkingskanaal gaan gebruik om sy produkte te verkoop. Vergelyk die twee kanale ten opsigte van produkpryse, bemarkings- en vervoerkostes.

(6)

IEB Copyright © 2023

3.2 Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg:




3.2.1 Gebruik die aanbodkurwe (F) om die wet van aanbod te verduidelik.

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________ (3)

3.2.2 Noem TWEE faktore wat aanbod van 'n produk kan beïnvloed.

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________ (2)

IEB Copyright © 2023

3.2.3 Die aanbodkurwe skuif sekere tye van die jaar na links (F1). Maak aannames rakende die *aanbod en prys* van die produk.

(2)

3.2.4 Identifiseer PUNT R en som op wat by dié PUNT gebeur.

(3)

IEB Copyright © 2023

3.3 Lees die onderstaande uittreksel van 'n artikel op *Fairtrade Africa.net* en beantwoord die vrae wat volg.

**WIE IS ONS?**

**Fairtrade Africa**, wat in 2005 gestig is, is die onafhanklike sambreelorganisasie sonder winsbejag wat alle Fairtrade-gesertifiseerde produsente in Afrika verteenwoordig. Die lede besit Fairtrade Africa. Die lede is produsente-organisasies in Afrika wat volgens die standaarde van Fairtrade tradisionele uitvoerkommoditeite soos koffie, kakao, tee, katoen, piesangs, veselperskes (*mangoes*) en nie-tradisionale kommoditeite soos galambotter (*shea butter*) en rooibostee produseer. Die organisasie verteenwoordig tans meer as 1 050 000 produsente in 33 Afrikalande. Fairtrade Africa stel standaarde en sertifiseer en etiketteer produkte wat vir boere en plaaswerkers 'n volhoubare lewensbestaan bevorder en die omgewing beskerm. Die organisasie verskaf ook markinligting en fasiliteer navorsing en opleiding wat tegnologie betref.

Fairtrade Africa se Missie en Visie is:

Ons koester en bevorder geregtigheid en gelykheid in globale handel deur oop, vertrouenswaardig en deursigtig in ons werk te wees.

Fairtrade het 'n visie van **'n wêreld waarin geregtigheid en volhoubare ontwikkeling die kern is van handel en besigheid sodat elkeen**, **deur hulle werk**, **'n waardige en ordentlike lewensbestaan kan volhou**. Ons personeel en ondersteuners is passievol oor ons visie en hulle fokus daarop om te werk sodat ons visie bereik kan word.

[<https://fairtradeafrica.net/who-we-are/>]

3.3.1 Is Fairtrade Africa 'n produksie- (produk) of 'n bemarkingsorganisasie?

______________________________________________ (1)

3.3.2 Verskaf TWEE redes vir jou antwoord in Vraag 3.3.1.

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________ (2)

IEB Copyright © 2023

3.3.3 Die organisasie verteenwoordig 1 050 0000 boere in Afrika. Noem DRIE ander moontlike voordele wat dié organisasie vir boere kan inhou.

(3)

3.3.4 Enige organisasie se sakeplan (besigheidsplan) bevat 'n *missie en visie*. Beskryf wat 'n *missie en visie* is sodat die DOEL van 'n missie en visie duidelik verstaan kan word.

(2)

IEB Copyright © 2023

3.4 Bestudeer die onderstaande advertensies en beantwoord die daaropvolgende vrae.

| **Advertensie K** | **Advertensie L** |
|---|---|
|  |  |

[<https://www.creativosonline.org/af/ontwerp-advertensie-brosjure.html>]
[<https://www.facebook.com/groups/Boerderykopers/>]

3.4.1 Identifiseer die tipe (metode) reklame in Advertensie K.

(1)

3.4.2 Verduidelik kortliks die doel van reklame in agritoerisme?

(3)

3.4.3 Verskaf TWEE ander elektroniese metodes van reklame om buitelandse toeriste te bereik.

(2)

IEB Copyright © 2023

3.4.4 Noem 'n nadeel van agritoerisme op 'n plaas.

(1)

3.5 Bestudeer die onderstaande aanhaling aangepas uit 'n artikel op die webwerf, *How we made it in Africa*.

> Of dit die uitvoer van nuwerwetse supervoedsel is of die omskakeling van plaasafval in organiese bemesting, Afrika bied talle landboubesigheidsgeleenthede vir entrepreneurs en beleggers.

3.5.1 Gee 'n kort definisie van 'n entrepreneur.

(2)

3.5.2 Verskaf TWEE eienskappe van 'n "goeie" entrepreneur.

(2)

3.5.3 As 'n entrepreneur 'n landboubesigheid aanpak of uitbrei moet 'n sakeplan (besigheidsplan) saamgestel word. Verduidelik hoekom die ontwikkeling van 'n sakeplan nodig is.

(3)

IEB Copyright © 2023

3.5.4 Noem TWEE voordele van 'n sakeplan.

(2)
**[50]**

IEB Copyright © 2023

## VRAAG 4 BOERDERYBESTUUR, FINANSIËLE BEPLANNING, WAARDETOEVOEGING TOT OESTE

4.1 Lees die artikel hieronder oor die verbouing en bemarking van sampioene en beantwoord die daaropvolgende vrae.

**Sampioene: "Nismark reg in die kol!" sê oom Martiens**



Baie boeke, leeswerk en marknavorsing later, het hy die leemte in die Afrika-mark vir gourmet-sampioene gevul en oestersampioene begin kweek. Wat oom Martiens aanvanklik op klein skaal en hoofsaaklik vir tuisverbruik begin het, moes hy noodgedwonge uitbrei nadat hy 'n kontrak met 'n bekende winkelgroep gesluit het.

Die eksotiese sampioene is baie onvoorspelbaar wat groei en opbrengs betref. Hoewel die insetkoste nie so hoog is soos met bekender knopiesampioene nie, is die risiko heelwat hoër en die opbrengs op belegging laer, sê oom Martiens.

Omdat oestersampioene veral vroeër in Afrika minder bekend was, het hy toe daar nie 'n vraag na sy produk was nie, oorgeslaan na ander soorte wat bekender is en daarom meer aanvaarbaar vir die verbruiker was. Hy het later ook shiïtake-sampioene begin kweek en verskillende kleure oestersampioene begin verbou om die mark uit te brei.

Om sy boerdery se wins te verhoog het hy verwerkte produkte, soos atjar en blatjang, en sampioene in gedroogde en gemaalde (poeier-) vorm (wat veral gewild is onder kampeerders en stappers) ook begin bemark.

Die grootste probleem met sampioene is *Trichoderma* (groenskimmel) en sampioenvlieë – daarom is voorsorgmaatreëls en higiëne noodsaaklik in die tonnels en in die verpakkingsaanleg. Die vereistes van die kettingwinkel is baie streng en daar word gereeld inspeksie gedoen om seker te maak dit word nagekom.

Die sampioene word dwarsdeur die jaar met die hand gepluk en lewer sowat 2 tot 3,5 ton per week. Dit maak sampioenverbouing redelik arbeidsintensief en 15 vaste werkers werk in die sampioenaanleg, terwyl daar vir sommige take ook tydelike personeel aangestel word.

[Aangepas uit: <https://www.landbou.com/landbou/bedrywe/tuinbou/sampioene-nismark-reg-in-die-kol-20170914>. Foto: <https://grondtotmond.com/2022/06/01/chanmar-sampioene/>]

IEB Copyright © 2023

4.1.1 Identifiseer TWEE soorte arbeid wat in die bogenoemde boerdery gebruik word.

(2)

4.1.2 Verduidelik die term *nismark.*

(2)

4.1.3 Onderskei tussen *hand-oes* en *meganiese oes* van 'n produk.

(2)

4.1.4 Noem TWEE voordele daarvan om sampioene met die hand te oes.

(2)

IEB Copyright © 2023

4.1.5 Die oes van sampioene (produk) is 'n kritieke en baie belangrike aktiwiteit op die plaas. Beplanning is dus noodsaaklik. Identifiseer DRIE arbeidsfaktore wat die boer in ag moet neem in die beplanning van oestyd.

(3)

4.1.6 Verduidelik hoe voorsorgmaatreëls en goeie higiëniese praktyke toegepas kan word in die verpakkingsaanleg.

(2)

4.1.7 Beskryf die volgende finansiële terme:

(a) Insetkoste

(2)

(b) Wins

(2)

4.2 Die volgende foto's is voorbeelde van verwerkte sampioenprodukte. Bestudeer die foto's aandagtig en beantwoord die daaropvolgende vrae.

| **FOTO A** | **FOTO B** |
|---|---|
|   |   |

[<https://grondtotmond.com/2022/06/01/chanmar-sampioene/>]
[<https://af.covidografia.pt/43-best-wellness-products-help-you-stay-sane-balanced>]

4.2.1 Identifiseer die prosesseringsmetodes wat in die bogenoemde foto's gebruik is:

FOTO A: ______________________________

FOTO B: ______________________________

(2)

4.2.2 Onderskei tussen prosessering en preservering.

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

(2)

4.2.3 Varsprodukte het nie 'n lang raklewe nie. Verduidelik die hoofoorsake van chemiese en fisiese veranderings in varsprodukte soos sampioene.

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

(2)

IEB Copyright © 2023

4.2.4 Die bottels in FOTO A is gesteriliseer. Regverdig die besluit.

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________ (2)

4.3 Verskillende metodes kan aangewend word om sampioene en ander varsprodukte te verpak. In die onderstaande foto word een metode uitgebeeld.




[<https://grondtotmond.com/2022/06/01/chanmar-sampioene/>]

4.3.1 Noem TWEE aspekte wat in ag geneem moet word indien die bogenoemde tipe verpakkingsmateriaal oorweeg word vir sampioenverpakking.

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________ (2)

4.3.2 Verskaf TWEE voordele van die verpakkingsmateriaal in die foto hierbo.

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________ (2)

4.3.3 Verpakte varsprodukte moet geëtiketteer word. Regverdig streng regulasies (wetgewing) met betrekking tot die etikettering van varsprodukte.

(2)

4.4 Bestudeer die onderstaande leesstuk en beantwoord die daaropvolgende vrae:

**Wat is dit wat jong boere in staat stel om met lae pryse, ongunstige weer en onbetroubare elektrisiteitsverskaffing steeds 'n suksesvolle boerdery te bedryf?**

In 'n suksesvolle boerdery, is diversifikasie een van die goue beginsels en is haarfyn beplanning die beginsel wat die wa deur die drif trek.

Dit is maklik om planne te beraam, maar om dit tot uitvoer te bring verg doelgerigte optrede. Dit is verder noodsaaklik dat die plan buigsaam moet wees omdat die beleidsomgewing gedurig verander. Dit beteken bestuursbeplanning is 'n voortdurende en herhalende proses wat baie voordele vir 'n boerdery inhou.

[Aangepas uit: <https://www2.senwes.co.za/Files/main_Scenario/archive_articles/2010/06/voorbladstorie/jaco_swart.htm>]

4.4.1 Verduidelik hoekom diversifikasie in 'n boerdery-onderneming belangrik is.

(3)

4.4.2 Identifiseer TWEE faktore wat beplanning en herbeplanning in 'n boerdery-onderneming regverdig.

(2)

IEB Copyright © 2023

4.4.3 Goeie beplanning is noodsaaklik vir die sukses van enige boerdery. Noem TWEE voordele van goeie beplanning.

(2)

4.5 Organisering, motivering en kontrole is ook bestuursaktiwiteite wat noodsaaklik is vir die sukses van enige boerdery.

4.5.1 Noem TWEE moontlike werksfaktore wat arbeiders se motivering negatief kan beïnvloed.

(2)

4.5.2 Wat is die VOORDELE van goeie organisering en kontrolering van arbeid in boerdery?

(4)

IEB Copyright © 2023

4.5.3 Regverdig die gebruik van opleiding en aansporing tydens die motivering van arbeiders.

(6)
**[50]**

**150 punte**

**Totaal: 200 punte**

IEB Copyright © 2023

**BYKOMENDE SPASIE (ALLE VRAE)**

**ONTHOU OM DUIDELIK BY DIE VRAAG AAN TE DUI DAT JY DIE BYKOMENDE SPASIE GEBRUIK HET OM TE VERSEKER DAT ALLE ANTWOORDE NAGESIEN WORD.**

IEB Copyright © 2023 

IEB Copyright © 2023

IEB Copyright © 2023